NG Kerk Vrystaat | VDM Erediens Nuusbrief

Uitgawe 29

Waardering vir kerkgeboue

& fotokompetisie

Die waardering vir mooi kerkgeboue het met verloop van jare op my gegroei. Die kerkgebou, as die plek waar die kinders van God saam aanbid, het vir my al hoe belangriker geword. Miskien is ek 'n bekeerling tot die kunsvorm van kerklike argitektuur. Die Karoo-dorpie, Pearston (die eerste gemeente waarheen ek beroep is), het 'n skone en spierwit kerkgebou. In een van Ernst van Heerden se gedigte sê hy dat die NG Kerk daar "stoer en stewig" staan. Kurt Badenhorst se skildery beeld die majestueuse kerkgebou te midde van die Karoo se droogte en verblindende sonlig uit ….. dié skoonheid groei op enige een wat oë het om te sien.

Joubertina (die tweede gemeente) het 'n asemrowende klipkerk met 'n rykdom van simboliek. By die hoofingang vanaf straatvlak bestyg kerkgangers 12 trappe (simbolies?!) om in dié kruiskerk met sy (hemel) hoë plafon op geelhoutbanke tot rus te kom. Gemeentelede is na die ooste georiënteer om die Sondagoggendson deur gebrandskilderde sonne te aanskou (simbolies?!). Gelowiges word daarvan bewus dat hemel en aarde hiér ontmoet ……

Soms verwoord 'n outeur raak wat in eie gedagtes broei. John de Gruchy skryf in sy mees onlangse boek **" A Theological Odyssey – My Life in Writing"**:

"The most obvious form of visual art that relates to the church is architecture, for it is through its embodiment in brick and mortar, concrete, steel and glass, amidst the other structures of village, town and city, that the church gives visible evidence

of its presence. The church building is a mediating structure between the liturgy and the public square. Of course, the church as 'the people of God' is visibly present in many other ways in the community and society, for the church as such is not the building in which the church as 'people of God' worship. Yet, there is a connection between the two, for the building within which the liturgy occurs provides both the internal space for that event and the external face which represents what is taking place and what is means. How the building presents the church as a living, witnessing community to the world outside, is part of what the church is attempting to sayto the world about its reasons for existence."

Saam met die NG Kerk Vrystaat Sinode se Jubeljaar van Hoop 2015, word **'n fotokompetisie** van die NG Kerkverband se kerkgeboue geloots met die tema, **"Klippe en stene JUBEL dit uit!"**. Stof solank die kameras af en stel solank die fotograwe in kennis - besonderhede volg binnekort.

Barnard Steyn
Direkteur: Bedieningsbegeleiding, NGK Vrystaat